## 13 Junie — Matteus 28:1-20

### *Verswyg of getuig?*

Jesus Christus het opgestaan uit die dood! Hiermee het die grootste oorwinning in menseheugenis plaasgevind. Só 'n belangrike saak moet mos bekendgemaak word. Die sondewêreld moet hierdie blye boodskap verneem. Maar, die Satan openbaar homself weer as teëstander. Hy sal dit ten alle koste wil verhoed. Met omkoopgeld van die priesterhoofde (die kerkleiers van daardie tyd), word die wagte (die eerste getuies?) se stilte gekoop. Wat doen hulle dan? Hulle verswyg hierdie kosbare waarheid en word diensbaar aan die leuen. 'n Leuen word nou deur die wêreld versprei. God bly egter in beheer. Hy wil dat hierdie kosbare verlossingsboodskap deur die hele wêreld, aan alle nasies, verkondig word. Daarom word die dissipels tot die oortuiging gebring van Jesus Christus se opstanding sodat Hy hulle kon uitstuur as apostels. Die dissipels word in diens van die waarheid gestel; met krag uit die hoogte toegerus (Hand 2); en na die eindes van die aarde gestuur. 'n Getuienisopdrag vir die kerk van die Nuwe Testament.

En só woed die Paradysstryd van die sondeval voort, ook in Nuwe-Testamentiese tyd. Satan verswyg die waarheid met sy leuen, terwyl God se kerk die waarheid moet verkondig deur die Evangelie van verlossing wêreldwyd bekend te maak. Die vraag is: Doen ons dit? Is dit my persoonlike lewensgetuienis van elke dag? Bepaal hierdie waarheid die werksaamhede van ons gemeente in die wêreld? Die hartseer is dat diegene wat stilbly en God se waarheid verswyg eintlik in diens van die leuen is. Daarom: Getuig van die waarheid deur die Evangelie wêreldwyd te verkondig!

Sing: Psalm 145:1 — Ds. I.W. Ferreira (Magol)